

SONDAG 24 AUG 2003
 NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID
 OGGENDDIENS (Doop by tweede diens)

LITURGIE: 1e diens

| <u>WIE</u> | <u>WAT</u> | <u>DETAIL</u> | <u>BORD/MUSIEK</u> |
|------------|-----------------------|--|------------------------------------|
| Hannes | Voorsang | | |
| Liturg | Welkom & groet | | |
| Liturg | Gebed | | |
| Liturg | Oproep tot lof | Karl Bart Votum (p290) | |
| Hannes | Lof | JG10:1-2 "Ek weet verseker" = refrein [Mat 22:1-14 Gelykenis van die bruilof] Ons Koning kom (1-3) | JG10:1-2 = refrein onskonin |
| Liturg | Wet en skuldbelydenis | Psalm 113:5-6 "Wie in die hemel of op die aarde is soos die Here ons God wat hoog woon en hier onder alles sien..." Psalm 37:27 "Bly weg van die kwaad af en doen wat goed is, dan sal jy die land altyd bewoon, want die Here het die reg lief." | |
| Hannes | Aanbidding | JR62: "Soek allereers" (2x) "Ek wil U sien Heer" (1-4) | JR62 (2x) ekwilu |
| Ouderling | Gebedslys | | |
| | | <u>Record aan</u> | <u>Klank: Record</u> |
| Ouderling | Voorbidding | | |
| Liturg | Skriflesing | Ps 37:1-7 | Skrif |
| Liturg | Preek | "Ontspan - Ek is die loods" | Skrif |
| Almal | Toewyding | Musiek: "Wees stil en weet" (Willie Joubert) | musiek1 |
| Liturg | Gebed | | |
| | | <u>Record af</u> | <u>Klank: Stop Record</u> |
| Diakens | Offergawe | Afkondings op bord | afkondig |
| Liturg | Afkondigings | | "Afkondig" |
| Hannes | Lied | HL 209:1-5 "Al my twyfel" "Loof Hom" (1-4) | HL209:1-5 loofhom (1-4) |
| Liturg | Seën | | |

LITURGIE 2e diens

| <u>WIE</u> | <u>WAT</u> | <u>DETAIL</u> | <u>BORD/MUSIEK</u> |
|-------------------------|----------------------------|--|---|
| Hannes & KMG | Voorsang | *Geel 7:1-2 "Dit borrel in my" *Geel 11:1-3 "God hou van kindertjies" *Geel 1:1-2 "Al was ek nie daar nie" *Geel20:1-3 "Loof die Heer Hy is goed" *Geel3 (3x) "Dankie Heer" *Geel5:1-2 (2x) "Die sonde lê en loer" *Geel2:1-2 "Daniël het gereeld gebid" *Abba Vader (2x) | borrel godhou SM2 JG31 dankieheer diesonde / loer daniel abbavader |
| Liturg | Welkom & groet | Stel Charles & Wilma aan gemeente voor. Spesiale welkom aan dopeling se familie. | |
| Liturg | Gebed | | |
| Liturg | Oproep tot lof | Karl Bart Votum (p290) | |
| Hannes | Lof | JG10:1-2 "Ek weet verseker" [Mat 22:1-14 Gelykenis van die bruilof] Ons Koning kom (1-3) | JG10:1-2 onskonin |
| Liturg | Wet en skuldbelydenis | Psalm 113:5-6 "Wie in die hemel of op die aarde is soos die Here ons God wat hoog woon en hier onder alles sien..." Psalm 37:27 "Bly weg van die kwaad af en doen wat goed is, dan sal jy die land altyd bewoon, want die Here het die reg lief." | |
| Hannes | Aanbidding | JR62: "Soek allereers" (2x) "Ek wil U sien Heer" (1-4) | JR62 (2x) ekwilu |
| Liturg | Doopbediening | Charles & Wilma Erasmus kom na vore terwyl ons die laaste vers van "Ek wil U sien Heer" sing. • In die doop kan ons iets van God sien: Sy liefde vir mense wat kinders insluit. • Hy het ons gesien. • Ons raak nie aan Hom nie maar Hy raak aan ons. • Ons staan voor Hom omdat Jesus vir ons gesterf het. Doopbediening & gebed (p317) Solo: Charles | |
| Charles Liturg MG | Solo Voorlesing Lied | MG: "Because He lives" | CD (backtrack) because / godsent |
| | | <u>Record aan</u> | <u>Klank: Record</u> |
| Ouderling | Voorbidding | | |
| Liturg | Skriflesing | Ps 37:1-7 | Skrif |
| Liturg | Preek | "Ontspan - Ek is die loods" | Skrif |
| Almal | Toewyding | Musiek: "Wees stil en weet" (Willie Joubert) | musiek1 |

| | | | |
|---------|--------------|--|--|
| Liturg | Gebed | | |
| | | <u>Record af</u> | <u>Klank: Stop Record</u> |
| Diakens | Offergawe | Afkondings op bord | afkondig |
| Liturg | Afkondigings | | “Afkondig” |
| Hannes | Lied | “Ek volg nou Jesus” (I have decided) HL209:1-3 “Al my twyfel” “Loof Hom” (1-4) | ekvolg (1-3) HL209:1-3 LoofHom (1-4) |
| Liturg | Seën | | |

Het jy enige familie, Paulus?’ Nee, niemand nie..

‘En jou gesondheid, hoe gaan dit met jou gesondheid?’ My lyf is voos geslaan en gedaan.

‘Enige besittings, Paulus?’ Niks noemenswaardig nie. Net my perkamente, pen en mantel.

‘En jou reputasie?’ Wel. Nie veel nie. Vir sommige is ek ‘n ketter en opstandeling, ander weer sien my as ‘n dwarstrekker, ander weer glo ek is werklik ‘n apostel van die Here.

‘Enige vriende, ou Paulus?’ Ek het nog ‘n paar oor. Ek het baie meer gehad, maar baie van hulle het die rug op my gekeer.

‘Enige toekennings?’ Nie hier op aarde nie.

‘Maar wat het jy dan, Paulus? Geen aardse besittings, geen vriende, geen familie, feitlik geen gesondheid meer nie. Gekritiseer deur party. Verguis deur ander. Geslaan deur sommiges. En bespot deur ander. Wat het jy wat saak maak?’ Paulus bal sy vuus. Hy kyk daarna. En ons kyk daarna. Dit is asof hy iets in sy hand vashou. Wat hou hy vas, dink ons? Wat het hy daar in sy hand?

Dan hou hy sy hand uit dat ons kan sien. Wanneer ons vooroor leun maak hy sy hand oop. En ons staar na sy handpalm. Dit is leeg. En dan antwoord hy: Ek het my geloof. Dit is al wat ek het. Maar dit is ook al wat ek nodig het. Ek het, met die krag van my God, die geloof behou. Daarom het ek niks meer nodig nie!

PREEKSKETS

Inleiding

Ps 37 (Ou Vertaling)

1. 'n Psalm van Dawid. **Alef**. Wees nie toornig op die kwaaddoeners nie, beny hulle nie wat onreg doen nie;
2. want soos gras sal hulle gou verwelk, en soos groen grasspruitjies sal hulle verdroog.
3. **Bet**. **Vertrou** op die HERE, en doen wat goed is; bewoon die aarde en beoefen getrouheid,
4. en verlustig jou in die HERE; dan **sal Hy jou gee** die begeertes van jou hart.
5. **Gimel**. Laat **jou weg aan die HERE oor** en **vertrou** op Hom, en Hy **sal dit uitvoer**;
6. en Hy **sal** jou geregtigheid laat voortkom soos die lig en jou reg soos die middag.
7. **Dalet**. Swyg voor die HERE en **verwag** Hom; wees nie toornig op hom wat voorspoedig in sy weg is nie, op die man wat listige planne uitvoer nie.

Psalm 37 (Nuwe vertaling)

1. Van Dawid. Moet jou nie ontstel oor skelms en jou kwel oor skurke nie,
2. want soos gras vergaan hulle gou en soos groenigheid verdwyn hulle sommer.
3. **Vertrou** liewer op die Here en doen wat goed is, woon en werk **rustig** voort.
4. Vind jou **vreugde** in die Here, en **Hy sal jou gee** wat jou hart begeer.
5. Laat jou lewe aan die Here oor en **vertrou** op Hom; **Hy sal sorg**.
6. Hy sal jou onskuld laat deurbreek soos die son, jou reg soos die helder lig van die middag.
7. Daarom moet jy in stilte op die Here **vertrou** en jou **nie ontstel** oor die voorspoedige lewe van 'n skelm nie.

Alfabet: Hierdie Psalm gebruik ook numering (Hebreeuse alfabet) ter wille van memorisering. Twee reëls per letter.

Vetrou: In 7 verse kom die woord vertrou 3x voor - dus dra dit baie klem

Ander woorde / frases: Verskeie ander woorde en frases word gebruik om die vertrou te motiveer en te versterk

Bekommerd oor goddelose - dit sou enige ander krisis of situasie kon wees.

Ontspan - ek is die loots!

Ons het laas Saterdag die voorreg gehad om 'n bietjie te gaan vlieg.

- 'n Vriend van ons het 'n klein vliegtuigie.
- 2 sitplekke
- Hy self is 'n vluginstrukteur en leer mense vlieg.
- Hy doen dit al vir 17 jaar.

En toe ek inklim in hierdie vliegtuigie het daar so knop in my keel gekom.

- Want hierdie klein vliegtuigies is so dun soos papier.
- Daar is niks wat jou beskerm as hy val nie.

En toe kom die groot oomblik: opstyg

- 'n Minuut later was ons hoog in die lug.
- Hoe mooi was dit nie om Potch uit die lug uit te sien nie!
- En 'n sonsondergang.
- Dit was aangrypend.

Weet julle watter les het ek laas Saterdag geleer?

- Vertrou die loods.
- Hy sal vlieg.
- Hy verstaan al die metertjies hier voor ons.
- Hy ken al die reëls van vlieg.
- Hy het al baie vliegtuie opgestyg en geland.
- Vertrou hom.
- Ontspan jy en geniet die vlug.

Psalm 37 is 'n Psalm wat sê: Ontspan! Ek is die loods.

- Moenie worry oor die opstyg nie.
- Moenie worry oor die landing nie.
- Moenie worry oor al die metertjies nie.
- Ek sal dit doen.
- Sit jy rustig langs my en ontspan.
- Ek sal die vliegtuig vlieg.
- Vertrou My!

Dis vir ons moeilik om te vertrou?

- Baie van julle het seker al die verhaal gehoor van die *akrobaat.
- Hy het 'n kabel oor 'n baie hoë kloof gespan.
- Hy sou op hierdie kabel oor hierdie hoë kloof loop.
- Van oral af het die mense gekom om te kom kyk.
- En toe het die groot oomblik aangebreek.
- Glo julle dat Ek op die kabel oor die kloof kan loop?
- Ja, het almal geskreeu.
- Toe het hy met sy balanseerstok op die kabel oor die kloof geloop.
- Die mense het gejuig.
- Daarna het hy 'n kruise geneem?
- Glo julle dat Ek met hierdie kruise oor die kloof kan loop.
- Ja! het almal weer geantwoord.
- En die man het met die kruise op die kabel oor die kloof geloop.
- En die mense het gejuig.
- Toe het hy 'n snaakse vraag gevra:
- Glo julle dat ek die kruise oor die kloof kan stoot met iemand binne-in die kruise?
- Ja! Het almal geantwoord. Ons glo jy kan dit doen.
- Wie van julle is bereid om in die kruise te sit?
- En skielik was die skare doodstil.

- Niemand was bereid om in die kruiswa te sit nie.
- Almal het hom geglo maar niemand het Hom vertrou nie.
- Niemand van hulle het hom vertrou met hulle eie lewe nie.

Glo jy dat God groot dinge kan doen?

- Vertrou jy Hom met jou lewe om dit te doen?

Glo jy dat God kan uitkoms gee in 'n situasie waar daar nie uitkoms is nie?

- Vertrou jy Hom om dit in jou lewe te doen?

Psalm 37 is 'n Psalm wat jou uitnooi om God te vertrou.

- Dis 'n Psalm vir mense wat vanoggend bekommerd is.
- Dis 'n Psalm vir kinders van die Here wat skielik nie weet watter kant toe nie.
- Dis 'n Psalm vir mense wiese lewens vanoggend vol bekommernis en stres en spanning is.

Dis 'n Psalm wat vir elkeen van ons die vraag vra: Vertrou jy vir God?

- Wat is jou antwoord?
- En as jy "ja" sê, sal jy vanoggend in die kruiswa klim?
- Sodat Hy jou oor die gevaarlike afgrond kan neem na nuwe horisonne.
- Of is ons vertrou net lippetaal.

Weet julle wat?

- Baie keer vertrou ons die Here net met ander mense se probleme maar nie met ons eie nie.
- Ons kan mense moed inpraat.
- Ons kan mense aanmoedig om te glo en te vertrou. (E-pos / sms)
- Ons kan hulle aanmoedig om in die kruiswa te klim.
- Maar netnie onself nie.

[*Vlieg - Corniël & Emile*]

4 verhale oor vertroue

Ek wil graag vanoggend vir julle 5 kort verhale vertel oor vertroue.

Miskien sien jy jousef vanoggend in een van hulle.

Abraham (Gen 12)

Op 'n dag het die Here na Abram toe gekom.

- Abram het toe nog glad nie vir die Here geken nie.
- Hy het ander gode aanbid.
- En nou kom die (onbekende) Here na hom toe en sê: Ek wil vir jou 'n land gee.
- Pak al jou goed en trek. (Pak jou goed en trek Ferreira)
- Trek weg van jou familie en jou vriende en jou land en jou gode....
- En Abram doen dit.

- 8 jaar gelede het ons hierheen getrek (verhuis)
- Maar dit was anders.
- Ons het presies geweet waarheen ons trek - Kockstraat 123
- Ons het presies geweet wanneer ons daar gaan arriveer: 16 Junie
- Ons het presies geweet wat wag vir ons: 'n grand gemeente

- Abram se trek was anders.
- Hy het nie 'n clue gehad waarheen hy oppad is nie.
- Al wat hy geweet het, was dat die Here iewers in hierdie wêreld vir hom 'n land sou gee.

- Kyk bietjie hoe lyk sy trek: Genesis 12

- v1: Die Here sê vir hom om te trek.
- v4: Abram trek
- v5: Abram kom in Kaanaan.
- v7: Die Here sê vir Abram: Ek gee hierdie land aan jou. (Lyk of dit hier moet ophou)
- v8: Abram trek verder.
- v10: Daar kom hongersnood - Abraham trek na Egipte.
- v20: Die koning stuur vir Abraham en sy familie weg uit Egipte - trek weer terug na Kaanaan.
- 13:6 Die land kan nie in hulle almal se behoeftes voorsien nie - Abraham trek verder.
- 13:18 Abraham gaan woon by die groot bome van Mamre by Hebron.
- Soos iemand eenkeer gesê het: As hulle in 'n nuwe huis intrek het hulle nie eers al die boks uitgepak nie want netnou trek hulle weer
- Ek wil julle wed: Abraham het nie een boks uitgepak nie.

Weet julle wat is vir my ongelooflik?

- Abraham het nie geweet waar hy gaan uitkom nie.
- Hy het nie mooi geweet waarheen hy oppad is nie.
- Maar hy het God vertrou.
- Vetroue impliseer dat ek God volg al weet ek nie waar ons gaan uitkom nie.
 - Daardie dag toe Jesus verby die meer geloop het en vir die dissipels gesê het: "Volg MY!" het hulle alles net so gelos en Hom gevolg - sonder om 'n clue te hê waarheen hulle oppad is.
 - Dis vertrou.
 - En miskien is dit hoe jou lewe vanoggend lyk: Jy het nie 'n idee waarheen jy oppad is nie.
 - Vertrou God.

Hanna (1 Sam 1)

Sy wou vreeslik graag 'n kind gehad het.

En sy het gaan bid by die tempel in Silo.

- En sy het die Here gesmeek en gevra vir 'n kind.
- En sy het 'n gelofte afgelê: Here, as U vir my 'n kind gee sal ek hom aan U wy en vir U teruggee.
- E sy was regtig besig om baie diep met die Here te praat.
- En hier eenkant op 'n stoeltjie het die priester Eli gesit.
- Hy het hierdie vrou so gesit en kyk en net daar besluit sy moet dronk wees. (Efes 5:18-19?)
- En hy sê vir haar: Hoe lank wil jy nog dronk bly? Gaan huistoe en gaan word nugter.
 - Hoe ongevoelig kan 'n mens wees?
 - Dis darem interessant hoedat die mense wat wat dag vir dag by die tempel leef en werk en wat veronderstel is om die Here se liefde te ken en te ervaar, so hard en gevoelloos kan oorkom!
 - En hoe baie mense het nie al op hierdie manier seergekry nie.
 - G'n wonder dat mense partykeer sukkel om te glo nie.
- Hoe dit ookal sy: Hanna het haar hart voor die Here leeggemaak.
- En sy het vir niemand vertel waarvoor sy gebid het nie.
- Dit was 'n geheim tussen haar en God.
- Maar toe uit die bloute sê Eli vir haar:
 - Gaan nou maar terug - die Here sal vir jou gee wat jy gevra het.
 - En dan gebeur daar iets ongelooflik.
 - Hanna het opgestaan en huistoe gegaan.

- Sy het weer gaan eet.
- En sy was nie meer bedruk nie (v18)
- Weet julle wat: Daardie dag in die tempel het daar iets ongeloofliks gebeur.
 - ‘n Vrou het in die tempel in gekom:
 - Sy was bedruk.
 - Sy was hartseer.
 - Sy was in trane.
 - ‘n rukkie later het dieselfde vrou uit die tempel gestap.
 - Sy was nie meer bedruk nie.
 - Sy was nie meer hartseer nie.
 - Sy was nie meer in trane nie.
- Wat het gebeur daar binne?
 - Sy het besluit om God te vertrou.
 - Eli se woorde: ‘Die Here sal jou gebed verhoor’ was vir haar genoeg.
 - Sy het nie ‘n idee gehad hoe lank dit sou neem nie.
 - Sy het nie geweet wanneer die Here haar gebed sou verhoor nie.
 - Maar sy het besluit om God te vertrou - maak nie saak hoe lank dit vat nie.
- Vertroue is om op staat te maak op God - al weet jy nie hoe lank dit sal neem nie.
 - Ons is haastige mense.
 - Ons wil nou ‘n antwoord hê.
 - Ons nou weet wanneer die Here gaan uitkoms gee.
 - Vertroue is om te wag - al weet ek nie hoe lank nie.

[1:19 Nadat hulle tuisgekom het in Rama, het Elkana gemeenskap gehad met sy vrou Hanna, en die Here het aan haar gedink.]

Maria (Luk 1:26-38)

Daar was ‘n jong meisie in Nasaret.

- Dit was somer so klein plattelandse dorpie in Israel.
- Sy was verloof aan ‘n man (Josef)
- En hulle het groot planne vir hulle huwelik gehad.
- Hulle het baie uitgesien na hulle troudag.
- Hulle was godvresende mense het besluit om te “wag” totdat hulle getroud is.

Een nag het ‘n engel aan haar verskyn:

- Maria, jy gaan swanger word en ‘n seuntjie in die wêreld bring.
- Jy moet Hom Jesus noem.

Maria was uit die veld uitgeslaan:

- Maar dis onmoontlik - ek het nog nooit by ‘n man geslaap nie.
- Ek kan nie swanger word nie.
- En ek is verloof aan ‘n man.
- Hy sal my los as ek swanger is.
- Dit kan tog nie wees nie.

Maria - jy gaan swanger word - die HG sal dit laat gebeur.

- Maar ek verstaan dit nie.
- Dit kan tog nie gebeur nie.
- Dit maak nie sin nie.
- **Maar ek is tot beskikking van die Here.**
- Ek vertrou die Here - al kan ek nie sien hoe dit ooit kan gebeur nie.

Vertroue is om God te vertrou, al kan ek nie dink hoe Hy gaan regkry wat Hy belowe nie.

- Om Hom te vertrou vir onmoontlike dinge.

- Om Hom te vertrou vir dinge wat ek nie weet hoe Hy dit gaan regkry nie.
 - Here, my finansies, daar is net nie 'n manier nie...
 - Here, hierdie huwelik, dis net onmoontlik...
 - My werk: hoe sal ooit kan werk kry in 'n land waar daar so baie werklose mense is?
- Maak vandag 'n keuse om God te vertrou vir onmoontlike dinge.
 - Ek hoef nie die metertjies te verstaan nie - die loods sal...
 - Ek hoef nie te land en op te styg nie - die loods sal...
 - Vertrou Hom daarvoor.

Josef (Gen 37-50)

Ons almal ken Josef se verhaal.

- Dit was onregverdig dat hy in die put gegooi is.
- Dis was onregverdig dat sy broers hom verkoop het.
- Dit was onregverdig dat hy in die tronk gegooi is.

Sy hele lewe was onregverdig.

Sy hele lewe was onverstaanbaar.

- En tog het hy aangehou om God te vertrou.
- Hy het vertrou al verstaan hy nie.
- Hy het aangehou vertrou al het dit partykeer gevoel of God hom in die steek gelaat het.

Vertrou het baie min te doen met verstaan.

- Jy hoef nie alles te verstaan om God te vertrou nie.
- Jy kan Hom vertrou al verstaan jy niks nie.
- Jy kan Hom vertrou al maak baie dinge nie sin nie.

Miskien is jou lewe baie soos Josef.

- Uitverkoop deur jou gesin...
- Verwyder van jou ouers..
- In plekke gegooi waar jy nie wil wees nie.
- En God maak eintlik nie vir jou sin nie.
- VERTROU Hom nogsteeds.
- Maak vandag 'n keuse om Hom te vertrou.

En nou die vyfde verhaal.

- Dit is nog nêrens opgeteken nie.
- Dit gaan eers vandag gebeur.
- Dis 'n splinternuwe verhaal.
- Want jy sien: Die vyfde verhaal is jou verhaal.
- Jy moet dit vandag self gaan skryf.
- Jy moet gaan besluit of jy God sal vertrou met jou situasie.
 - Hy is dalk oppad met jou na 'n onbekende land soos met Abraham.
 - Dis 'n lang en 'n moeilike pad en jy weet nie mooi waar jy gaan uitkom nie.
 - Of Hy het vir jou 'n belofte gee soos vir Hanna.
 - Maar jy weet nie hoe lank dit gaan neem nie.
 - Of soos Maria kan jy nie dink hoedat dit ooit kan gebeur nie.
 - Dis net onmoontlik!
 - Of miskien is alles sommer net so onverstaanbaar soos Josef se lewe.
 - In een dag het jou geluk omgedraai in ongeluk.
 - In een dag het jy alles verloor wat jy ooit gehad het.
 - En nou wonder jy: Hoe kan ek God vertrou?

Ja, jy moet vandag en more en hierdie week jou eie verhaal gaan skryf.

- 'n Verhaal van vertroue...
- Of 'n verhaal van wantrou...

Die God wat jy aanbid

- is al vir iljoene jare in hierdie game
- Hy het al miljoene mense se lewens gered
- Hy het miljoene mense uit 'n finansiële krisis gered
- Hy het miljoene huwelike gered
- Hy het miljoene skoolkinders se gebede verhoor
- Hy het al miljoene mense genees.

Vertrou Hom

Maak 'n keuse om Hom te vertrou met jou hele lewe.

Maak 'n keuse om vandag in die kruis te klim.

- Al weet jy van dag nie mooi waar jy gaan uitkom nie
- Of al weet jy nie wanneer Hy gaan uitkoms gee nie
- Of hoe dit moontlik is dat Hy jou situasie kan verander nie
- Of al verstaan jy nie hoekom jou lewe so deurmekaar geraak het soos dit is nie.

Vertrou Hom, sê Ps 37

- Hy sal sorg.
- Hy sal jou gee wat jou hart begeer. (Dieselfde woorde wat Eli vir Hanna sê)
- Hy sal jou onskuld laat deurbreek.
- Hy sal jou die jeugdige krag van die arend gee.
- Hy sal jou lei na groen weivelde en waters waar daar rus is.

Ontspan.

Vertrou die loots!